

Sondag, 29 Maart 2020

Skriflesing: Matteus 26:6-13

Tema: Eerbiedige aanbidding!

TOETREDE

Goeie dag broers en susters.

Welkom by ons alternatiewe erediens en ek weet u sal van oggend gevul word met die Here se teenwoordigheid.

Ons is almal nou beperk vir die volgende lot weke, maar u sal elke Sondag die erediensboodskap op hierdie wyse ontvang.

Kom ons begin.

Hoor nou die votum uit die skrif en ontvang die seën van die Here –

Votum

Die Here sê: 'Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte' (Eks 34:6b, 7a).

Seëngroet

'Die genade sal by julle almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet' (Ef 6:24).

Amen

Kom ons wees deel aan hierdie volgende [**Flam lofsang – Jesus is die Heer**](#), as antwoord op die Here se seëngroet.

Gee 'n asemteug.

Gebed – (Skuldbelydenis – genadeverkondiging – geloofsbelydenis)

VERKONDIGING

Skriflesing

Matteus 26:6-13

Jesus word in Betanië gesalf

Terwyl Jesus in Betanië in die huis van Simon die melaatse aan tafel was, het 'n vrou by Jesus gekom met 'n albaste fles baie kosbare reukolie en dit op sy kop uitgegiet.

Toe die dissipels dit sien, was hulle verontwaardig. “Waarom so 'n verkwisting?” vra hulle. “'n Mens kon die reukolie vir baie geld verkoop het en dit vir armes gegee het.”

Jesus het dit gemerk en vir hulle gesê: “Waarom maak julle dit vir die vrou moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen. Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie. Deur hierdie reukolie op my liggaam uit te giet, het sy My voorberei vir my begrafnis. Dit verseker Ek julle: Oral waar hierdie evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar.”

‘...bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.’

PREEK – (Die wil van God/die wet – Riglyne vir geloofslewe)

Broers en susters in onse Here Jesus Christus:

So baie dinge in hierdie lewe neem ons aandag en ons tyd. Soms het ons te veel tyd. Dalk is dit wat u nou in hierdie afsonderings-tyd het; te veel tyd.

Soms het ons te min tyd. Mense sal sê daar is te min ure in 'n dag om by al ons werksaamhede uit te kom.

Wat maak ons met ons tyd? – is ook 'n ander belangrike vraag. Baie van jou tyd sluit jou gedagtes in. 'n Mens het gemiddeld 48, 6 gedagtes per minuut. Dit tel op na 70 000 gedagtes per dag.

'n Vererde vraag is – is dit goeie gedagtes of slegte gedagtes? Want ons gedagtes vorm ons lewe!

Verder kan jou gedagtes jou emosionele toestand bepaal. Hoe jy dink en wat jy dink, werk direk op hoe jy voel. Dus, as jy jou gedagtes kan bestuur, kan jy jou emosie bestuur. Daarom is dit belangrik dat, veral gelowiges, hulle gedagtes moet bestuur.

En hoe doen jy dit?

Wel, dit sirkel weer terug na waarmee hou jy jouself besig? Dit wat jou aandag die meeste okkupeer, sal jou omstandighede, jou geloof en jou lewe radikaal beïnvloed.

Betanië

🔔 Ons het gelees - Jesus kuier in Betanië in die huis van Simon die melaatse. Simon is verseker nie meer melaats nie, anders sou hy nie toegelaat gewees het om in 'n huis in Betanië te woon nie, want ons weet melaatse mense moes in afsondering van die samelewing gaan lewe het. Jesus het hom heelwaarskynlik genees en hy word uitgesonder as daardie Simon wat melaats was.

Maar die dorpie Betanië was een van daardie dorpies wat naby Jerusalem was, waar Pasga pelgrims kon oorbly vir die aand by 'n gasheer, omdat Jerusalem te vol geraak het oor die Pasga tyd.

🔔 **Wys Betanië op tv.**

Plasing volgorde van die gebeure

Nog 'n interessante ding aangaande ons gelese gedeelte is waar die vertelling voorkom in die Matteus evangelie. U sal opmerk dat net na hierdie vertelling oor die vrou wat Jesus salf, lees mens van Judas Iskariot wat onderneem om Jesus te verrai. Matteus plaas ons gelese gedeelte doelbewus hier om kontrasterend te staan teenoor Judas wat Jesus gaan verrai.

Nou-nou meer hieroor.

Maria

By hierdie kuier geleentheid was daar iemand, onder Jesus se vriende, wat regtig verstaan het wie Jesus Christus is en waarvoor Hy gekom het. Maria, die susters van Martha en Lasarus het ook by Simon gekuier, lees ons in die evangelie van Johannes.

Sy het verstaan wie Jesus is.

Sy het meer verstaan as die verontwaardigde dissipels wat haar wou stop om daardie duur reukolie te 'mors' op Jesus. Sy het dalk ook besef dat Jesus nie meer lank by hulle gaan wees nie.

Haar reaksie op Jesus se naderende dood is wonderlik. Sy wys vir ons dat sy Hom aanbid. En dis nie net 'n gemaklike – wat's-volgende-op-die-agenda aanbidding nie, maar 'n uitspattige aanbidding waar sy die koste daarvan buite rekening hou. Dit maak nie saak wat dit vir haar kos nie, sy wys hoe sy Hom aanbid.

Miskien kan ek en jou nou, hier, vir onself vra- wat sal dit my kos om Jesus so uitspattig te aanbid?

Die albaste fles reukolie

🕊 'n Belangrike feit om te weet is dat daardie olie wat Maria op Jesus uitgiet was kosbaar en duur.

Onthou dat Judas na hierdie vertelling, in die Matteus evangelie, loop om Jesus te gaan verrai en in die evangelie van Johannes, lees ons dat Judas besonders 'n probleem gehad het dat Maria hierdie duur olie mors. Sy probleem is nie dat hulle die armes kan kos gee nie – Johannes vertel dat Judas eintlik geldgierig was en selfs gesteel het.

Nou hierdie Albaste fles vol Nardusolie was peperduur.

Eerstens was 'n albaste fles gevorm uit deurskynende pienkerige kleur gips, afkomstig van marmer wat gemyn is die dorp – Alabastron – in middel Egipte.

🕊 **Tweedens** was die parfuum, die reukolie, wat Maria in die fles gehad het suiwer nardus olie. Nardus olie is ekstrak vanuit die wortel van 'n 🕊 nardus plant wat in Indië groei.

En **derdens** was die koste van hierdie flessie nardusolie 'n jaar se loon en dit was om en by 300 denarii, die geldeenheid van die tyd. Dis gelykstaande aan oor die \$12 000. Vandag, met die swak rand, sou daardie fles olie – R210 000 gekos het. Kan jy dit glo?

Sy het dit op Jesus se kop uitgegooi.

In die Joodse tradisie moes konings(insluitend by definisie – die Messias) en priesters gesalf word vir die diens wat hulle moet lewer.

Ons kry dus in Maria se daad **'n eerbiedige aanbidding, 'n buitengewone aanbidding, dalk ook 'n irrasionele aanbidding.** Sy het nie na die klok(die horlosie), of haar beursie, of na mense rondom haar gekyk wat vingerwys-end haar oordeel omdat sy dit gedoen het nie. Sy het net vir Jesus voor oë gehad en Hom so aanbid.

Hierdie daad van Maria was haar getuienis dat sy in Jesus Christus glo, Hom vertrou en Hom aanbid.

En dit kontrasteer met wat Judas gaan doen het. Hy het selfsugtig en met sy menslike sondigheid gegaan en Jesus gaan verrai vir 30 silwer muntstukke.

Wat sê Jesus gaan met hom gebeur?

Jesus is vol lof vir Maria, maar Jesus neem hierdie daad van aanbidding verder en sê – Ek word nie gesalf as koning nie, maar Ek word voorberei vir my begrafnis. Ek word gebalsem.

Jesus noem dat wat gaan kom is baie nodig vir die mensdom en Hy word deur hierdie daad van aanbidding, van Maria, ook voorberei vir Sy daad van redding wat selfs vir Judas, met sy sondige hart, sal wees.

Paasfees

Broers en susters, hier waar ons as kluisenaars sit, as slagoffers van die Corona virus, moet ons net nie vergeet dat dit amper Paastyd is nie. Jesus het ons verlos. En ons kan Hom aanbid met ons hele wese of ons kan Hom verraai deur selfsugtigheid.

Slot

Wat is ons reaksie op Jesus se dood aan die kruis?

Bring ons 'n dankbaarheidsoffer van aanbidding aan Hom en prys ons Hom?

Of is ons offer in hierdie Lydenstyd meer gefokus op ons eie voordeel?

Alles wat met jou gebeur in jou lewe het 'n uitwerking op hoe jy dink en hoe jy dink beïnvloed hoe jy voel.

Daar is dinge waaroor jy geen beheer het nie, soos hierdie virus – en dit werk in op jou gedagtes en dan jou gevoelens.

Daar is dan ook dinge wat jy kies om te doen,

kies om mee besig te wees,

kies om te lees,

kies om na te kyk,

kies in wie se geselskap jy is – en dit alles het 'n uitwerking op jou gedagtes en dan jou gevoelens.

En soos wie is jy op die oue einde van die dag?

Judas, wie se gedagtes oor sy eie voordeel gaan. Oor sy selfsugtig manier van lewe, wat geen vreugde moontlik maak nie, wat net bekommernis en vrees in die vooruitsig het?

Of

Is jy soos Maria, wie se gedagtes op Jesus is, kosteloos. Wie se gedagte vol van Jesus se leringe en wyskede is. Wat vol van Sy liefde is, liefde wat Hy vir jou het, liefde wat jy nou kan deel met jou naaste, wat die ewigheid en God se liefde in vooruitsig het?

Jy kan kies.

Die oproep is, leer Jesus ken en ontdek Sy groot waarde vir jou lewe! Moet nie ophou daarmee. Waarmee hou jy jou so besig?

Gee jy genoeg tyd aan die lering en wyskede van Jesus, sodat jou gedagtes oorloop van dieselfde liefde en die selfde lus om goed te lewe en liefdegewend te lewe in aanbidding van Jesus Christus?

Jou tyd, jou dae, jou gedagtes beïnvloed jou emosies en dit beïnvloed jou hele lewe. Is ons genoeg besig met die fondasie waarop Jesus sê jy jou huis moet bou of is ons nie soms besig om op sand te bou nie?

Vir Maria was Jesus se liefde, waarhede, leringe, wyskede, noem maar op, die dinge wat haar gedagtes vol was. R210 000 wat nie belangrik nie, want Jesus het haar bron vir die lewe geword!

Kom ons strewe na 'n eerbiedige aanbidding wat liefde en lewe, in oorvloed, in ons lewens in bring deur ons liefde vir Jesus Christus.

Amen

GEBEDE

Kom ons sluit af en wees deel van hierdie slotsang, ['n Flam lied – Meer as ooit ...](#)

Gee is asemteug ...

Speel die - Slotsang

Seën

Gemeente, ontvang die seën van die Here en gaan in vrede:

'Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees' (2 Kor 13:13).

Amen

Gemeente, mag die Here u bewaar en met u wees in hierdie week wat kom.

Groete in Christus.